Jonk genoeg om met moord weg te kom? ’n Vergelykende studie rakende die bewys van toerekeningsvatbaarheid by kinderoortreders in Suid-Afrika en Engeland

Rinda Botha

Rinda Botha, Departement Publiekreg, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

Die hantering van kinderoortreders in die strafreg is ’n ou probleem wat al deur die jare groot kopkrap veroorsaak het. Baie lande, waaronder Suid-Afrika, sit vasgevang tussen die spreekwoordelike twee vure van ’n stygende jeugmisdaadsyfer en die plig om kinders se belange te beskerm. Tans word ’n kind onder 10 in Suid-Afrika as ontoerekeningsvatbaar beskou (teenoor ’n internasionale norm van 12), ’n 10- tot 14-jarige as weerlegbaar ontoerekeningsvatbaar (of *doli incapax*), en ’n kind van 14 en ouer as toerekeningsvatbaar. Om die vermoede van ontoerekeningsvatbaarheid vir 10- tot 14-jariges te weerlê, behels ’n omvattende proses met verskeie rolspelers en knap omkeertye, wat al hoe meer druk op die staat se reeds beperkte hulpbronne plaas. Hervorming is dus nodig, en blyk op pad te wees in die vorm van die Child Justice Amendment Bill van 2018. Dié wysigingswetsontwerp stel ’n verhoging van die minimum ouderdom vir strafregtelike aanspreeklikheid van 10 tot 12 voor, met behoud van die *doli incapax*-reël vir 12- tot 14-jariges. Daarbenewens word sekere prosesaanpassings ook voorgestel om die hulpbron-intensiewe proses vir die bewys van toerekeningsvatbaarheid tot die verhoor in die Kindergeregshof te beperk. In Engeland is die minimum ouderdom vir toerekeningsvatbaarheid óók 10, maar die *doli incapax*-reël is boonop in 1998 afgeskaf. In wese word alle kinders bo 10 in daardie jurisdiksie dus as toerekeningsvatbaar beskou en aan die volle mag van die strafreg blootgestel indien hulle met die gereg sou bots. In ’n vergelykende studie van die Suid-Afrikaanse en Engelse regsbenadering tot kinderoortreders bring hierdie artikel aan die lig dat die afskaffing van *doli incapax* in Engeland nié kindermisdaad verminder het nie, maar bloot die getal kinders in aanhouding aansienlik verhoog het. Drukgroepe in daardie jurisdiksie beywer hulle nou naarstig vir ’n ander tipe verweer om die “onvolwasse” kind ’n mate van beskerming te bied. Daarteenoor lyk dit of Suid-Afrika in die regte rigting mik. Hoewel hulpbronintensief, bied die *doli incapax*-reël tans steeds beskerming aan 10- tot 14-jariges. En indien die Child Justice Amendment Bill van 2018 in werking tree,

sal die verhoging in die minimum ouderdom vir toerekeningsvatbaarheid van 10 tot 12 die land ook nader aan die internasionale norm bring.

Trefwoorde: *doli incapax*; Engeland; kinderoortreders; Suid-Afrika; toerekeningsvatbaarheid

Abstract

Young enough to get away with murder? A comparative study of the standard of proof in accountability of child offenders in South Africa and England

The approach to child offenders is a long-standing problem and has posed a legal quandary in many jurisdictions over the years. Various countries, including South Africa, find themselves trapped between a rock and a hard place, with rising juvenile crime on the one hand, and the duty to protect the interests of the child on the other.

The current South African position on establishing criminal capacity in incidents involving child offenders is contained in sections 7 and 11 of the Child Justice Act 75 of 2008. At present, a child below the age of 10 (compared with the international norm of 12) is considered not to have criminal capacity; a child between the ages of 10 and 14 is presumed to lack criminal capacity, unless the state proves otherwise (also known as the *doli incapax* rule), while children aged 14 and older are generally assumed to have criminal capacity and can therefore be prosecuted for an offence.

Rebutting the presumption of criminal incapacity for those aged 10 to 14 involves an extensive process with several stakeholders and tight turnarounds, which further intensifies pressure on the state's already limited resources. Stakeholders in this predominantly pre-trial matter include the probation officer, the prosecutor, the magistrate and so-called suitably qualified persons (subject experts). The rebuttal process throws up a number of challenges. Perhaps the most significant challenge is the lack of a uniform model for, and limited resources to support, a child's assessment. Section 11 of the Child Justice Act expressly requires a range of factors to be considered in establishing criminal capacity, including the child's cognitive, moral, emotional, psychological and social development. This complicated task is further frustrated by the inadequacy of psychometric assessment tools available for local use, with cultural appropriateness being a chief concern. In addition, very few state psychologists specialise in the forensic assessment of children. The inevitable result is long delays in finalising matters. Another practical problem often encountered is the misinterpretation of the *doli incapax* rule. The theory underlying this principle is that the rebuttal of the presumption of criminal incapacity (and, therefore, a finding of abnormal maturity in a child offender) should be the exception rather than the rule. This implies that most children aged 10 to 14 should be regarded as not having criminal capacity. Yet evidence to the contrary seem to apply in practice: Case law reveals that most children in this age bracket are deemed by our courts to have criminal capacity and, therefore, to be abnormally mature.

Reform is clearly needed, and appears to be on its way in the form of the Child Justice Amendment Bill of 2018. This bill proposes that the minimum age for criminal liability be raised from 10 to 12, retaining the *doli incapax* rule for those aged 12 to 14. Certain procedural

adjustments are also suggested to relieve the pressure on the state by limiting the resource-intensive process of proving criminal capacity to the hearing in the Child Justice Court. Will these amendments put South Africa on the right track in terms of dealing with child offenders, or should we reconsider the proposals in the bill?

England, too, had long struggled to strike the right balance with regard to child offenders, and eventually decided on a considerably stricter approach. While also having 10 as the minimum age for criminal capacity, that jurisdiction went a step further by abolishing the *doli incapax* rule for children aged 10 to 14 in 1998. This step formed part of the British government's campaign against juvenile crime, sending a very clear message that children would be held accountable for their actions. The move had been further motivated by the brutal killing of two-year-old James Bulger by two ten-year-olds in 1993. In effect, therefore, all children above 10 in England are deemed to have criminal capacity and are subjected to full criminal prosecution should they run foul of the law. While at first many were in favour of the abolishment of the *doli incapax* rule, thinking that it was well aligned with international expectations, the practical effects of this step were less than ideal. A mere year following the scrapping of the rule, the number of children between 10 and 14 who had been issued police warnings or convicted of a criminal offence rose by 29%. This, in turn, resulted in an increase in children being detained, as well as longer prison sentences. Most importantly, imprisonment has not done much to reduce juvenile crime. Ever since then, pressure groups have been appealing to the British government to reinstate the *doli incapax* rule.

While South Africa has high juvenile crime rates, and England's criminal system for child offenders is regarded as among the strictest in the world, this comparative study suggests that we might be better off not following the English example. Although the practical complexities of rebutting the presumption of criminal incapacity for children aged 10 to 14 impose a huge burden on the criminal system, the practice cannot be abolished at the expense of justice and the best interests of the child. Scrapping the *doli incapax* principle in England has not reduced juvenile crime, and has served only to significantly increase the number of children in detention. Therefore, should the proposals in the Child Justice Amendment Bill become law, South Africa appears to be heading in the right direction. The retention of the *doli incapax* rule, with measures to relieve some of the burden of proof on the state, would still offer child offenders much-needed protection. Moreover, raising the minimum age for criminal liability from 10 to 12 would move South Africa closer to the international norm.

Should it later appear that the proposed measures to relieve the burden of proof on the state are insufficient, South Africa might reconsider abolishing the *doli incapax* rule. Yet, as this contribution shows, such a step cannot occur without also raising the minimum age for criminal liability. Ultimately, the very aim of *doli incapax* is to offer a measure of protection to children aged between 10 and 14. Should this protection fall away, it would make sense to raise the minimum age for liability to at least 14, when it would be safe to assume that all children indeed have criminal capacity.

Keywords: child offenders; criminal capacity; *doli incapax*; England; South Africa

1. Inleiding

Aristoteles het reeds 2 300 jaar gelede opgemerk: "The young are heated by nature as drunken men by wine."[1] Juis omdat kinders nog kinders is, besig is om te ontwikkel, en in baie gevalle met hul wordende self worstel, staan dit buite alle twyfel dat hulle anders as volwassenes hanteer en in 'n groter mate teen die newe-effekte van die strafregstelsel beskerm moet word.[2] Wat minder seker is, is tot waar hierdie beskerming behoort te strek, en in watter omstandighede dit dalk nie meer behoort te geld nie. Verskillende jurisdiksies wêreldwyd het uiteenlopende menings hieroor, wat verklaar waarom die minimum ouderdom waarop kinders strafregtelik aanspreeklik gehou kan word, van land tot land verskil.[3]

Ouderdom het hoofsaaklik 'n uitwerking op die toerekeningsvatbaarheidselement[4] van strafregtelike aanspreeklikheid.[5] Om as toerekeningsvatbaar beskou te word, moet twee onderskeidingsvermoëns ten tye van misdaadpleging aanwesig wees, naamlik die vermoë om die ongeoorloofdheid van jou handeling te besef, en die vermoë om ooreenkomstig daardie besef op te tree.[6] Waar een van hierdie twee vermoëns om die een of ander rede, waaronder ouderdom, kortkom, kan 'n skuldigbevinding nie volg nie, omdat daar gewoon nie aan al die aanspreeklikheidsvereistes van misdaad voldoen word nie. 'n Beskuldigde wie se toerekeningsvatbaarheid vasstaan, maar wat slegs gedurende die misdaadpleging 'n verswakking in onderskeidingsvermoë beleef het, word steeds aan 'n misdaad skuldig bevind, hoewel die "verswakking" of verminderde toerekeningsvatbaarheid as strafversagtende faktor by vonnisoplegging kan dien.[7]

Hoewel daar al die afgelope paar jaar sprake is van moontlike wetswysigings en hervorming,[8] word die huidige standpunt oor die toerekeningsvatbaarheid van kinders in Suid-Afrika duidelik in artikel 7 en 11 van die Child Justice Act 75 van 2008 uiteengesit. Kortom word 'n kind van jonger as 10 as ontoerekeningsvatbaar beskou, 'n 10- tot 14-jarige kind as weerlegbaar ontoerekeningsvatbaar (of *doli incapax*), en kinders van 14 en ouer as toerekeningsvatbaar. Al moes die minimum ouderdom vir strafregtelike aanspreeklikheid ingevolge artikel 8 van die Child Justice Act binne vyf jaar na die aanvangsdatum van dié wet hersien gewees het,[9] het dít nog nie gebeur nie.

Soos Suid-Afrika, sit ook ander lande vasgevang tussen die twee vure van 'n stygende jeugmisdaadsyfer aan die een kant en die plig om kinders se belange te beskerm[10] aan die ander. Veral Engeland, wat dieselfde gemeenregtelike standpunt as Suid-Afrika het, het lank met hierdie tweestryd geworstel en uiteindelik besluit om 'n aansienlik strenger benadering met betrekking tot kinders te volg. Hierdie strenger benadering in Engeland sluit die afskaffing van die *doli incapax*-reël in en laat Engeland tans met een van die strengste benaderings tot kinderoortreders in die wêreld.[11] In die bepaling of 'n meer genadelose benadering teenoor kinders die nodige vrugte afwerp, dien Engeland dus as uitstekende maatstaf.

Hierdie artikel vergelyk derhalwe die huidige stand van sake ten opsigte van jeugtoerekeningsvatbaarheid in Suid-Afrika met die nuwe, strenger regsbenadering in Engeland om te bepaal of Suid-Afrika op die regte koers is.

2. Oorsig van die gemenereg en internasionale verpligtinge

2.1 Die gemeenregtelike standpunt

Die beginsel dat kinders se gedrag as minder blaamwaardig as volwassenes s'n beskou moet word, spruit uit die gemenereg.[12,13]

Die gemenereg het hoofsaaklik tussen twee ouderdomsgroepe vir kinders onderskei, naamlik 'n minimum en 'n voorwaardelike ouderdomsperk. Die minimum perk het bepaal dat 'n kind jonger as daardie ouderdom geensins strafregtelik aanspreeklik gehou kon word nie. Daarteenoor het die voorwaardelike perk die ouderdomsgroep aangedui ten opsigte waarvan individuele ondersoeke moet plaasvind om te bepaal of die kind "volwasse" genoeg is om verantwoordelik gehou te word of nie.[14] Duidelik het die gedagte dat nie alle kinders oor toerekeningsvatbaarheid beskik nie, dus reeds in die gemenereg ontstaan.

Die verdeling was soos volg: Vir kinders jonger as 7 is absolute ontoerekeningsvatbaarheid as gegewe aanvaar, en 7 jaar was dus die absolute minimum ouderdom vir strafregtelike aanspreeklikheid. Vir kinders tussen die ouderdom van 7 en 14 was 'n weerlegbare vermoede van ontoerekeningsvatbaarheid die norm.[15] Indien die kinderoortreder tussen 7 en 14 jaar oud was, moes individuele ondersoeke dus plaasvind om te bepaal of die kind inderdaad "ontwikkeld" of "volwasse" genoeg was om aanspreeklik gehou te word of nie.

2.2 Internasionale verpligtinge

Die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van die Kind,[16] wat Suid-Afrika op 16 Junie 1995 bekragtig het, verplig staatspartye ingevolge artikel 40(3)(a) om 'n minimum ouderdom vir toerekeningsvatbaarheid by kinders vas te stel.[17] Ook artikel 17(4) van die Afrika-handves oor die Regte en Welstand van die Kind, wat Suid-Afrika op 7 Januarie 2000 bekragtig het, lê ondertekenaars hierdie verpligting op.[18]

Ofskoon daar aanvanklik onsekerheid was oor wat as 'n aanvaarbare minimum ouderdom beskou kon word, het die Verenigde Nasies se komitee oor die regte van die kind in 2007 meer duidelikheid gebied met hul *General Comment no 10: Children's rights in juvenile justice*. Daardie skrywe het aan die hand gedoen dat state die minimum ouderdom vir toerekeningsvatbaarheid tot ten minste 12 moes verhoog,[19] en 'n minimum ouderdom onder 12 is dus as internasionaal onaanvaarbaar voorgehou.[20] 'n Verdere versoek aan lidstate was om met die *doli incapax*-reël weg te doen.[21] Die komitee het dié weerlegbare vermoede van ontoerekeningsvatbaarheid vir kinders van sekere ouderdomsgroepe as verwarrend bestempel, en ook gesê dit lei tot 'n ongewenste toedrag van sake waar kinders van dieselfde ouderdom verskillend behandel word as gevolg van hul graad van volwassenheid.[22]

Hierdie riglyne was tot Suid-Afrika se beskikking met die aanvang van die Child Justice Act[23] op 1 April 2010.[24] Nogtans het Suid-Afrika ingevolge artikel 7 van die wet op 10 jaar as 'n gepaste minimum ouderdom vir strafregtelike aanspreeklikheid besluit, en die *doli incapax*-reël as deel van die land se reg behou.

3. Die huidige standpunt in Suid-Afrika

3.1 Wetgewing

Die Child Justice Act het die gemeenregtelike standpunt in verband met die toerekeningsvatbaarheid van kinders in Suid-Afrika vervang.[25] In wese het die wet die absolute minimum ouderdom vir strafregtelike aanspreeklikheid van 7 tot 10 verhoog, en die *doli incapax*-ouderdomskategorie van die gemeenregtelike 7 tot 14 jaar na 10 tot 14 jaar opgestoot.[26] Die konsep van *doli incapax* is dus behou.[27]

Artikel 7 van die wet deel kinders vir die doel van die bepaling van toerekeningsvatbaarheid in verskillende ouderdomsgroepe in:

> **Minimum age of criminal capacity**
>
> (1) A child who commits an offence while under the age of 10 years does not have criminal capacity and cannot be prosecuted for that offence, but must be dealt with in terms of section 9.
>
> (2) A child who is 10 years or older but under the age of 14 years and who commits an offence is presumed to lack criminal capacity, unless the State proves that he or she has criminal capacity in accordance with section 11.
>
> (3) The common law pertaining to the criminal capacity of children under the age of 14 years is hereby amended to the extent set out in this section.

Die voorgeskrewe toets om ’n kind se toerekeningsvatbaarheid te bepaal volg dan in artikel 11(1) van die wet. Met die oog op die bespreking wat volg, word artikel 11 in die geheel hier onder aangehaal:

> **Proof of criminal capacity**
>
> (1) The State must prove beyond reasonable doubt the capacity of a child who is 10 years or older but under the age of 14 years *to appreciate the difference between right and wrong at the time of the commission of an alleged offence and to act in accordance with that appreciation.*[28]
>
> (2) In making a decision regarding the criminal capacity of the child in question –
>
> *(a)* the inquiry magistrate, for purposes of diversion; or
> *(b)* if the matter has not been diverted, the child justice court, for purposes of plea and trial,
>
> must consider the assessment report of the probation officer referred to in section 40 and all evidence placed before the inquiry magistrate or child justice court prior to diversion or conviction, as the case may be, which evidence may include a report of an evaluation referred to in subsection (3).

[NB: Sub-s. (2) has been substituted by s. 2 (a) of the Judicial Matters Amendment Act 14 of 2014, a provision which will be put into operation by proclamation. See PENDLEX.]

> (3) An inquiry magistrate or child justice court may, on own accord, or on the request of the prosecutor or the child's legal representative, order an evaluation of the criminal capacity of the child referred to in subsection (1), in the prescribed manner, by a suitably qualified person, which must include an assessment of the cognitive, moral, emotional, psychological and social development of the child.

[NB: Sub-s. (3) has been substituted by s. 2 (a) of the Judicial Matters Amendment Act 14 of 2014, a provision which will be put into operation by proclamation. See PENDLEX.]

> (4) If an order has been made by the inquiry magistrate or child justice court in terms of subsection (3), the person identified to conduct an evaluation of the child must furnish the inquiry magistrate or child justice court with a written report of the evaluation within 30 days of the date of the order.

[NB: A sub-s. (4A) has been inserted by s. 2 (b) of the Judicial Matters Amendment Act 14 of 2014, a provision which will be put into operation by proclamation. See PENDLEX.]

> (5) Where an inquiry magistrate or child justice court has found that a child's criminal capacity has not been proved beyond a reasonable doubt, the inquiry magistrate or child justice court may, if it is in the interests of the child, cause the child to be taken to a probation officer for any further action in terms of section 9.

3.2 Die bepaling van kinders se toerekeningsvatbaarheid uit 'n teoretiese oogpunt

Walker[29] wys daarop dat die artikel 11-toets hier bo van die oorspronklike toets ingevolge die gemenereg verskil. Die tweeledige gemeneregtoets was, eerstens, of die kinderoortreder die ongeoorloofdheid van die *spesifieke* gedrag besef het en, tweedens, of die kind ooreenkomstig daardie besef kon optree.[30] Die nuwe toets in artikel 11 van die Child Justice Act vra egter eerstens of die kind ten tye van misdaadpleging bevoeg was om *in die algemeen* tussen reg en verkeerd te onderskei en, tweedens, of die kind ooreenkomstig daardie besef kon optree.

Die eerste deel van die gemeneregtoets het dus nie oor die beskuldigde se onderskeidingsvermoë tussen reg en verkeerd in die algemeen gehandel nie, maar oor sy/haar bevoegdheid om die wederregtelikheid van die spesifieke gedrag gedurende en in die bepaalde omstandighede van misdaadpleging te besef.[31] Die gemeneregtoets was daarom meer gedragspesifiek[32] en is dan ook so in hofgesag toegepas.[33] In *S v Ngobese*[34] het regter Blieden byvoorbeeld die gemeneregtoets soos volg verduidelik:

> The State is required, in order to discharge the onus that an accused is *doli capax* even though under the age of 14, to prove that:
>
> (1) The particular accused has been shown to have appreciated the distinction between "right and wrong".
>
> (2) He or she knew the act which had been committed by him or her was wrong *within the context of the facts of the particular case.*[35]

Hieruit blyk dit duidelik dat die gemeneregtoets 'n swaarder bewyslas op die staat se skouers geplaas het, wat kinders gevolglik ook beter beskerming gebied het en uiteindelik in die kind se belang was.[36]Juis daarom gaan Walker[37] verder deur te sê dat 'n streng vertolking van die huidige artikel 11(1) van die Child Justice Act moontlik in stryd is met artikel 28(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. Artikel 28 is veral geïnspireer deur sowel die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van die Kind as die Afrika-handves oor die Regte en Welstand van die Kind,[38] wat albei deur Suid-Afrika bekragtig is en state verplig om die kind se belange te eerbiedig.[39]

Walker se aanbeveling dat die meer kindervriendelike gemeneregtoets ingespan moet word om die kinderoortreder se insig ten tye van die misdaad (eerste komponent van toerekenings-vatbaarheid) ingevolge artikel 11(1) te bewys, is dus sinvol. Volgens haar dien artikel 39(2) van die Grondwet veral ook as regverdiging vir 'n strenger vertolking van die toets in artikel 11(1) van die Child Justice Act.[40] Daardie grondwetlike bepaling lui dat howe die "gees, strekking en oogmerke van die Handves van Regte" moet bevorder wanneer hulle wetgewing uitlê. Dus, sê Walker, moet daar bepaal word of die bewoording van artikel 11(1) redelikerwys strenger vertolk kan word om aan die Grondwet te voldoen,[41] wat hier wél die geval is, omdat 'n grondwetlike uitleg eerder 'n gedragspesifieke wederregtelikheidsbesef sal vereis.[42]

Baie kommentators het al Walker se kritiek op die bewoording van artikel 11 ondersteun,[43] en die land se voorste strafregkenners[44] is dit blykbaar eens dat die enger, gedragspesifieke toets vir die bepaling van toerekeningsvatbaarheid by kinders toegepas moet word.

Voorkeur vir die enger hantering van die toets blyk ook uit die volgende aanhaling uit die onlangse aangeleentheid van *S v TS*:[45]

> It appears from the cases that, at least in relation to children, criminal capacity is relative rather than absolute, in the sense that a child could notionally be criminally capable in respect of one particular crime but not criminally capable in respect of another. The question is … whether the child had the capacity to appreciate the wrongfulness of the particular act with which he or she is charged in the circumstances in which it occurred and to act in accordance with that particular appreciation. One will thus find *dicta* that a child will more readily be found to have criminal capacity in relation to obviously heinous crimes ...

3.3 Die bepaling van toerekeningsvatbaarheid van kinders in die praktyk

Met dié dat *doli incapax* in Suid-Afrika behou is, is dit in die praktyk 'n enorme onderneming om die toerekeningsvatbaarheid van kinderoortreders tussen die ouderdom van 10 en 14 te bewys, en is verskeie rolspelers betrokke. Betrokkenes by hierdie proses, wat grootliks 'n voorlopige ondersoek daarstel, is soos volg:[46]

3.3.1 Proefbeampte

Die eerste rolspeler is die proefbeampte ("probation officer"), wat moet besluit of 'n deskundige mening oor die toerekeningsvatbaarheid van die kinderoortreder nodig sal wees gedurende die verhoor.[47] Dié besluit berus hoofsaaklik op die beampte se eie, subjektiewe gevoel oor die kind se vermoë om ten tye van misdaadpleging met die nodige insig (kognitiewe/eerste komponent van toerekeningsvatbaarheid) en selfbeheersing (konatiewe/

tweede komponent van toerekeningsvatbaarheid) te kon optree.[48] Hierna moet die proefbeampte se mening oor die toerekeningsvatbaarheid van die kind, en oor wat waarskynlik nodig sal wees om toerekeningsvatbaarheid te bewys, in 'n verslag uiteengesit word.[49] Die verslag moet voor die aanvang van die voorlopige ondersoek, wat reeds binne 48 uur ná inhegtenisneming moet plaasvind, aan die aanklaer beskikbaar gestel word.

Volgens Schoeman[50] lewer hierdie eerste stap in die beoordeling van die kind se toerekeningsvatbaarheid reeds sekere probleme op, naamlik die beperkte tyd om die verslag op te stel, die swak gehalte van verslae, 'n gebrek aan opleiding en instrumente om toerekeningsvatbaarheid te help bepaal, en dat die verslae op proefbeamptes se subjektiewe menings berus.

3.3.2 Aanklaer

Die tweede kardinale rolspeler is die staatsaanklaer. Uiteraard is dit uiteindelik die aanklaer wat moet besluit of die kind vervolg sal word of nie. In die bepaling van die kind se toerekeningsvatbaarheid oorweeg die aanklaer hoofsaaklik:[51]

- die kind se vlak van opvoeding, kognitiewe vermoë, huislike en omgewingsfaktore, ouderdom en volwassenheid
- die aard en erns van die misdaad
- die uitwerking van die misdaad op die slagoffer en die groot gemeenskap
- die inhoud van die proefbeampte se verslag
- of afwending ("diversion") gepas sal wees
- hoe sterk die moontlikheid is dat toerekeningsvatbaarheid tydens die voorlopige ondersoek bewys sal kan word.

Indien die aanklaer van oordeel is dat toerekeningsvatbaarheid nie maklik bewys sal kan word nie, moet die saak teruggetrek en na die proefbeampte terugverwys word om ingevolge artikel 9 met die kind te handel.[52] Indien die aanklaer meen dat toerekeningsvatbaarheid wél bewys kan word, kan die saak voor die aanvang van die voorlopige ondersoek afgewend word[53] indien die kind van 'n bylae 1-misdaad[54] aangekla word.[55] Andersins word die saak vir 'n voorlopige ondersoek verwys.[56]

Hoewel Karels en Pienaar[57] nie noodwendig gekant is teen die mag van vrye oordeel wat aan die aanklaer verleen word nie, meen hulle tog dat die besluit oor die toerekeningsvatbaarheid van die kind hier aan vae, subjektiewe faktore oorgelaat word, en nie die bewys bo redelike twyfel is wat voor 'n onpartydige arbiter vereis sou word nie. Dít kan ongetwyfeld tot arbitrêre en diskriminerende praktyke aanleiding gee, veral ook omdat die aanklaer se redes nie aangeteken hoef te word nie.[58]

3.3.3 Die landdros

Indien die aanklaer besluit om die saak teen die kinderoortreder vir 'n voorlopige ondersoek te verwys, moet die landdros alle inligting in die proefbeampte se verslag asook alle inligting wat aan die hof voorgelê is, oorweeg. In hierdie verband wys Skelton en Badenhorst[59] ook op die knap omkeertyd van 48 uur ná inhegtenisneming waarbinne die voorlopige ondersoek gehou moet word, in welke stadium die proefbeampte se verslag reeds gereed moet wees. So – omrede die proefbeampte se verslag nie juis omvattend en deeglik kan wees nie – het die landdros gewoonlik weinig inligting om oor die kind se toerekeningsvatbaarheid te beslis.

Die landdros is wel ingevolge artikel 11(3) van die Child Justice Act by magte om ’n evaluering van die kind se toerekeningsvatbaarheid deur ’n toepaslik gekwalifiseerde persoon[60] aan te vra.[61] Ook die staatsaanklaer of die kind se regsverteenwoordiger kan hierdie evaluering versoek.[62] Die evaluering word in die meeste gevalle deur ’n sielkundige of psigiater gedoen, wat onder meer die kind se kognitiewe, morele, emosionele, sielkundige en sosiale ontwikkeling moet beoordeel. Hierdie riglyn strook met die Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede 42 van 2013,[63] wat uitdruklik bepaal dat die landdros of sogenaamde kindergeregshof hierdie spesifieke ontwikkelingsgebiede van die kind in ’n beslissing oor toerekeningsvatbaarheid moet oorweeg.

Die evalueringsverslag moet binne 30 dae nadat dit aangevra is, aan die landdros voorgelê word. Al is hierdie evaluering deur ’n sielkundige of psigiater nie verpligtend nie, voel baie landdroste wel verplig om dit te gelas omdat hulle nie glo hulle is self opgewasse om die kind se toerekeningsvatbaarheid te bepaal nie.[64] Dít lei tot ’n bottelnek van evalueringsversoeke aan sielkundiges en psigiaters,[65] wat verdere druk op die staat se reeds beperkte hulpbronne plaas. Hoewel artikel 11(4) van die Child Justice Act oor die algemeen vereis dat slegs een sielkundige of psigiater die evaluering doen,[66] bepaal artikel 8 van die Judicial Matters Third Amendment Bill 53 van 2013 en artikel 46 van die Judicial Matters Amendment Bill 7 van 2013 dat meer as een psigiater of sielkundige die evaluering moet doen indien ’n kinder-oortreder ’n ernstige misdaad gepleeg het.[67] So ’n vereiste plaas vanselfsprekend nog groter druk op die beperkte getal deskundiges.

Na gelang van die uiteindelike bevinding oor die aan-/afwesigheid van toerekenings-vatbaarheid kan die landdros dan soos volg gelas: Indien die landdros glo dat die kind ten tye van misdaadpleging ontoerekeningsvatbaar was, kan die kind na die proefbeampte terugverwys word vir verdere hantering ingevolge artikel 9.[68] Indien die kind se toerekeningsvatbaarheid vasstaan en die landdros meen dat afwending meer gepas is as ’n verhoor, kan die kind vir afwending verwys word.[69] So nie, kan die landdros die saak vir ’n pleit en verhoor na die kindergeregshof verwys.[70]

3.3.4 Toepaslik gekwalifiseerde persoon

Natuurlik vervul die persoon/persone wat deur die landdros vir die evalueringsverslag genader word, óók ’n belangrike rol in die bepaling van die kind se toerekeningsvatbaarheid. Diegene wat vir hierdie taak in aanmerking kom, is mediese praktisyns wat ingevolge die Health Professions Act 65 van 1974 as kliniese sielkundiges geregistreer is of wat in psigiatrie spesialiseer.[71]

Die landdros kan op die verslag van die sielkundige of psigiater staatmaak om tot ’n gevolg-trekking oor die beskuldigde se toerekeningsvatbaarheid te kom. Nietemin is die verslag nie die enigste bepalende faktor nie, en moet die staat steeds bo redelike twyfel bewys dat die oortreder ten tye van misdaadpleging toerekeningsvatbaar was.[72]

3.4 Probleme met die bewys van toerekeningsvatbaarheid in die praktyk

3.4.1 Geen eenvormige evalueringsmodel, en beperkte hulpbronne

Om toerekeningsvatbaarheid te bewys, hetsy voor of gedurende ’n verhoor, hou verskeie uitdagings in. Die grootste is straks die gebrek aan ’n eenvormige model vir evaluering, en beperkte hulpbronne om hiermee te help.

Artikel 11 van die Child Justice Act vereis uitdruklik dat die kind se kognitiewe, morele, emosionele, sielkundige en sosiale ontwikkeling in ag geneem moet word om toerekenings-vatbaarheid te bepaal.[73]Verskeie terreine van menslike ontwikkeling moet dus oorweeg word. Hierdie reeds ingewikkelde taak word verder bemoeilik deur die ontoereikendheid van psigometriese beoordelingsinstrumente vir plaaslike gebruik.[74] Schoeman[75] is een van ’n hele aantal outeurs wat al die uitdagings op hierdie gebied uitgelig het. Sy beklemtoon die onsekerheid oor die aard van die evaluering, veral in Suid-Afrikaanse multikulturele verband:

> Concerns have also been raised about the absence of valid and reliable assessment measures to determine criminal capacity, since few psychometric tests have been developed or adapted for use in South Africa’s unequal and multicultural society.

Ook Kramers-Olen[76] stem saam dat die ontwikkeling van ’n betroubare en kultureel gepaste psigometriese toets vir veral morele ontwikkeling makliker gesê is as gedaan.

Boonop is daar min staatsielkundiges wat in die forensiese beoordeling van kinders spesialiseer.[77] Hierdie tekort kan moontlik deels daaraan toegeskryf word dat geestesgesondheidspraktisyns se presiese rol in die evaluering van kinders se toerekeningsvatbaarheid nog nie behoorlik beskryf is nie, en verder ontwikkel en afgerond moet word om sekerheid te bied én te sorg dat die taak na wense en akkuraat uitgevoer word. Hoe dit ook al sy, die gevolg van die tekort is ’n ernstige vertraging in die afhandeling van sake.[78] Trouens, in sommige gevalle word die evaluering eers lank ná misdaadpleging onderneem, wat die bepaling van die kind se toerekeningsvatbaarheid ten tye van misdaadpleging bemoeilik.[79] En soos reeds genoem is,[80] plaas landdroste se twyfel in hul eie bevoegdheid om ’n kind se toerekeningsvatbaarheid te bepaal (sonder om die kind vir evaluering te verwys) verdere druk op ’n reeds oorlaaide stelsel.[81]

Die ou probleem van ’n tekort aan staatsfinansiering belemmer die aanstelling van bykomende personeel vir die uitsluitlike doel om kinderoortreders se toerekeningsvatbaarheid te evalueer.[82] Hoewel privaat sielkundiges en psigiaters ’n moontlike uitkoms kan wees, hef hulle deskundige-getuie-fooie, wat vinnig met die begroting klaarspeel.

Die soeke na oplossings duur voort. Schoeman[83] wys byvoorbeeld op ’n voorstel wat in 2016 in die *Staatskoerant* verskyn het,[84] naamlik dat ook ander beroepslui, soos maatskaplike werkers en kriminoloë, bevoeg verklaar behoort te word om toerekeningsvatbaarheid te bepaal. Dít kan ’n meer holistiese evaluering tot gevolg hê en die tekort aan bevoegde personeel help oorbrug. Nog ’n voorstel is om uit die staanspoor ’n multiprofessionele span by die evaluering te betrek, wat kliniese sielkundiges, maatskaplike werkers, arbeidsterapeute, psigiaters en kriminoloë insluit.[85] Hoewel so ’n veelsydiger span moontlik tot ’n akkurater evaluering kan lei, impliseer dit egter ook ’n groter span, wat waarskynlik net die hulpbron- en finansierings-tekort sal vererger.

3.4.2 Verkeerde vertolking van die doli incapax*-reël*

'n Verdere probleem in die praktyk is die verkeerde vertolking en toepassing van die *doli incapax*-reël.

Die reël is gegrond op die teorie dat die weerlegging van die vermoede van ontoerekeningsvatbaarheid die uitsondering eerder as die reël moet wees.[86] Skelton[87] beaam dít. Volgens haar sou die korrekte aanwending van *doli incapax* impliseer dat die meeste kinders tussen die ouderdom van 10 en 14 as ontoerekeningsvatbaar beskou behoort te word.[88] Hieruit volg dat "only the few who are suspected of possessing abnormal maturity [are] to be subjected to scrutiny of their criminal capacity and if their abnormal maturity is confirmed, [are] to be considered for diversion or prosecution". Afwending of vervolging behoort dus slegs by die bevestiging van buitengewone volwassenheid te volg.[89]

Die praktyk dui egter op die presiese teenoorgestelde: Die meeste kinders tussen 10 en 14 jaar word wél as toerekeningsvatbaar, en dus buitengewoon volwasse, beskou.[90]

3.5 Voordele verbonde aan die behoud van die doli incapax*-reël*

Die kompleksiteit rakende die bewys van toerekeningsvatbaarheid in die praktyk plaas 'n groot las op die Suid-Afrikaanse strafregstelsel en laat die afskaffing van die *doli incapax*-reël na 'n aanloklike opsie lyk. Met eerste oogopslag blyk die afskaffing daarvan ook met internasionale verwagtinge te strook.[91]

Ten spyte van die praktiese uitdagings en die internasionale standpunt dat die toepassing van die reël tot 'n ongewenste toedrag van sake lei waar kinders van dieselfde ouderdom verskillend behandel word as gevolg van hul graad van volwassenheid,[92] strook die behoud van die reël egter met die algemene beginsels van strafreg.[93] Hierdie beginsels sluit in dat die toerekeningsvatbaarheid van 'n oortreder bo redelike twyfel moet vasstaan alvorens 'n skuldigbevinding kan plaasvind.[94] Meer spesifiek verleen die reël erkenning aan die stelselmatige ontwikkeling van kinders tussen die ouderdom van 10 en 14 se geestesvermoëns, elk op sy eie tydstip.[95] Dít hou die voordeel in dat kinders, wie se geestesvermoëns nog nie in so 'n mate ontwikkel het dat hulle as toerekeningsvatbaar geag kan word nie,[96] teen die volle mag van die strafreg beskerm kan word en strook terselfdertyd met artikel 28(2) van die Grondwet wat die beste belang van die kind vooropstel.[97]

3.6 Regspraak ter illustrasie: S v TS

Die kinderbeskuldigde in *S v TS*[98] is aangekla van strafbare manslag nadat sy haar pa met 'n mes doodgesteek het. Die oortreder, wat pas 13 geword het, het skuldig gepleit op die aanklag en is deur die verhoorhof skuldig bevind en tot vyf jaar verpligte aanhouding of bywoning van 'n jeugsentrum gevonnis.[99]

In haar pleitverduideliking het die beskuldigde getuig dat die oorledene haar vroeër die dag aangerand het. Sy het haarself daarna vir beskerming in die huis toegesluit en 'n rukkie later die kans gewaag om na 'n nabygeleë park te gaan. Voordat sy die huis verlaat het, het sy haar met 'n mes bewapen. Sy het die oorledene op pad na die park raakgeloop. Toe hy dreig om haar met twee halwe bakstene te gooi, het sy hom een keer met die mes in die bors gesteek, wat sy dood veroorsaak het.[100]

Nieteenstaande haar pleit van skuldig, moes die verhoorhof steeds tevrede wees dat die beskuldigde aan al die elemente van misdaadpleging, toerekeningsvatbaarheid inkluis, voldoen voordat 'n skuldigbevinding kon volg.[101] Om toerekeningsvatbaarheid te bepaal, moes die hof dus ingevolge artikel 11(2) van die Child Justice Act oorweging skenk aan die proefbeampte se verslag, die deskundige (psigiater/sielkundige) se verslag, indien van toepassing, en die feite van die saak soos dit in die pleitverduideliking uiteengesit is.[102]

Toe die saak outomaties in die Hooggeregshof vir hersiening voorkom, het regters Saldanha en Rogers in die besonder aangedring op groter duidelikheid oor of daar wel in dié saak sprake was van toerekeningsvatbaarheid ten tye van misdaadpleging.[103] Die regters het bevestig dat hoewel die landdros korrek was om die proefbeampte en die deskundiges ('n psigiater en sielkundige) se verslae vir die bepaling van toerekeningsvatbaarheid te oorweeg,[104] die psigiater en sielkundige se verslag onvoldoende was om die vermoede van ontoerekeningsvatbaarheid van die beskuldigde te weerlê.[105] Dít, het die regters gesê, was omdat dit uit die deskundiges se verslag geblyk het (i) dat die beskuldigde 'n ernstige hakkelprobleem het; (ii) dat haar IK aan dié van 'n persoon met 'n intellektuele gestremdheid grens; (iii) dat daar moontlik sprake is van 'n spesifieke kognitiewe tekort; en (iv) dat 'n mens dááruit kon aflei dat sy sou sukkel om die gevolge van haar dade te voorsien.[106]

Die deskundiges se samevatting oor die vraag na toerekeningsvatbaarheid ten tye van misdaadpleging lui soos volg (oorspronklike kursivering):[107]

> [T]he accused did understand the difference between right and wrong, and, *within the limitations of her intellectual and developmental level*, generally has the capacity to act in accordance with that knowledge. Her ability to control her impulses, however, would have been profoundly affected by the sense of danger provoked by her father's verbal and physical attacks. In addition, her impaired verbal reasoning and poor processing is [sic] likely to have prevented her from considering anything other than self-protection in that moment. It could thus be "argued" that the accused's criminal capacity was temporarily diminished.

Die landdros het hierdie skriftelike mening van verminderde toerekeningsvatbaarheid voor die voet aanvaar, en dit nie verder nodig geag om die deskundiges mondelings te laat getuig nie.[108] Hierdie benadering is egter aanvegbaar. Dit staan tog vas dat die vermoede van ontoerekeningsvatbaarheid in die beskuldigde se ouderdomsgroep weerlê kan word slegs indien die kinderoortreder oor die vermoë beskik om die ongeoorloofdheid van die handeling te besef (insig), asook die vermoë om ooreenkomstig daardie besef op te tree (selfbeheersing).[109] Die bewoording van die deskundiges se verslag op sigself het egter nie sekerheid oor enige hiervan – insig óf selfbeheersing – in die spesifieke omstandighede van die misdaad gebied nie.

Gevolglik het regters Saldanha en Rogers bepaal dat, in die lig van die deskundige evaluering, die kind se erkenning van skuld nie voldoende was om tot die slotsom te kom dat sy met toerekeningsvatbaarheid gehandel het nie:[110]

> A generalised statement of her ability to distinguish between right and wrong, apart from not carrying very much weight, did not focus on the important question whether she had the capacity to determine the extent to which she was entitled to use force against her father in the particular circumstances of the case, and to act in accordance with that appreciation.

Daarmee het die Hooggeregshof dus duidelik die strenger gemeneregtoets vir toerekeningsvatbaarheid toegepas, wat prysenswaardig is.[111] Weens twyfel oor die beskuldigde se toerekeningsvatbaarheid[112] het die regters die skuldigbevinding gevolglik tersyde gestel en na die hof *a quo* terugverwys om ooreenkomstig artikel 113 van die Strafproseswet 51 van 1977 te handel.[113]

Hierdie saak getuig weliswaar van heelwat gebreke en uitdagings in die praktiese bepaling van kinderoortreders se toerekeningsvatbaarheid, en veral ook die weerlegging van die vermoede van ontoerekeningsvatbaarheid. Nietemin het die Hooggeregshof ook die volgende nuttige riglyne vir die toekomstige hantering van 'n pleit van skuldig deur kinderoortreders neergelê:[114]

- 'n Kind se toerekeningsvatbaarheid kan nie alleen op grond van die erkenning van skuld bepaal word nie.
- Ingevolge artikel 11(2) van die Child Justice Act moet die hof sowel die proefbeampte en psigiater/sielkundige se verslae as die bewyse in elke saak oorweeg.
- In geval van teenstrydighede in die pleitverduideliking en verslae moet die hof verdere inligting bekom om vas te stel of toerekeningsvatbaarheid wel bo redelike twyfel bepaal kan word.
- Hiervoor mag die hof kragtens artikel 112(2) van die Strafproseswet die beskuldigde ondervra en ingevolge artikel 63(4)(b) inligting van enige betrokkene in die verrigtinge bekom om te sorg dat die kind se belange seëvier.

3.7 Voorgestelde wetswysigings

Die Child Justice Amendment Bill van 2018 is opgestel om aan internasionale verpligtinge te voldoen en die praktiese probleme met die bewys van kinderoortreders se toerekeningsvatbaarheid te help hanteer. Hoewel dit nog nie van krag is nie en sekerlik ook nie as foutloos bestempel kan word nie, sal dit met uitvaardiging gewis 'n aansienlike verbetering in die huidige regstandpunt teweegbring.

Artikel 4 van die wysigingswetsontwerp stel voor dat die minimum ouderdom vir toerekeningsvatbaarheid van 10 tot 12 verhoog word. Indien dit aanvaar word, sal die gewysigde artikel 7 van die Child Justice Act dus lui:

> (1) A child who commits an offence while under the age of 12 years does not have criminal capacity and cannot be prosecuted for that offence, but must be dealt with in terms of section 9.
>
> (2) A child who is 12 years or older but under the age of 14 years and who commits an offence is presumed to lack criminal capacity in accordance with section 11.

Die verhoging van die minimum ouderdom vir strafregtelike aanspreeklikheid is 'n langverwagte stap wat Suid-Afrika se regstandpunt aan die internasionale standaard sal laat voldoen. Dit is dus 'n tree in die regte rigting.

Die behoud van die *doli incapax*-reël ten opsigte van kinders tussen die ouderdom van 12 en 14 word ondersteun deur die skrywer weens die beskerming daaraan verbonde; dit laat die staat egter steeds met die bewyslas van toerekeningsvatbaarheid, wat tans verskeie praktiese probleme

oplewer.[115] Die wysigingswetsontwerp probeer egter sommige van hierdie probleme ook die hoof bied.

Artikel 7 van die wysigingswetsontwerp stel 'n wysiging van artikel 10(1) van die Child Justice Act voor, naamlik die skrapping van die huidige vereiste dat die staatsaanklaer onder meer die kind se kognitiewe vermoë bepaal as een van die faktore om toerekeningsvatbaarheid vas te stel. Die rede hiervoor is dat aanklaers nie hiervoor toegerus is nie.[116] 'n Verdere voorgestelde wysiging van artikel 10 is dat toerekeningsvatbaarheid nie hoef vas te staan om die roete van afwending te volg nie. Die aanklaer hoef dus slegs te oorweeg of afwending gepas sal wees vir die betrokke saak voordat die kind wat 'n bylae 1-misdaad[117] gepleeg het, vir afwending verwys kan word. Eweneens hoef die kind tussen 12 en 14 se toerekeningsvatbaarheid ook nie vas te staan vir 'n landdros in die voorlopige ondersoek om die saak vir afwending te verwys nie. Indien die landdros meen dat afwending in die kind se belang is, sal dít voldoende wees.[118]

Daarmee word die bewyslas van toerekeningsvatbaarheid dus uitsluitlik beperk tot 'n pleit en verhoor in die Kindergeregshof. Aan die een kant bring dít aansienlike verligting: Die huidige oorweging van toerekeningsvatbaarheid gedurende die voorlopige ondersoek én voordat 'n aanklaer die saak vir afwending kan verwys, veroorsaak immers 'n bottelnek, wat reeds beperkte hulpbronne uitput. Indien die wysigingswetsontwerp aanvaar word, sal toerekenings-vatbaarheid dus ter sprake kom slegs indien die saak van 'n kind tussen 12 en 14 vir 'n pleit en verhoor na die Kindergeregshof verwys word.[119] Aan die ander kant kan die billikheid rakende die "verswakte" bewyslas ten aansien van toerekeningsvatbaarheid alvorens 'n kind vir afwending verwys word, bevraagteken word. Is afwending nie 'n korrektiewe maatreël wat slegs op 'n toerekeningsvatbare persoon van toepassing is nie?

Verder is dit opvallend dat geen wysiging aan die toerekeningsvatbaarheidstoets self voorgestel word nie. Die wetgewer verspeel dus hier 'n kans om die bewoording van die toets duideliker uiteen te sit. Dit sou 'n gulde geleentheid gewees het om die toets meer gedragspesifiek te bewoord en sodoende enige vroeëre onsekerheid uit die weg te ruim en die toets met die gemenereg en die howe se vertolking daarvan te versoen.

4. Die standpunt in Engeland

4.1 Agtergrond

Die gemeenregtelike vermoede van ontoerekeningsvatbaarheid by kinders wat aanvanklik in Suid-Afrika gegeld het, was ook in Engeland van toepassing. Net soos wat met die aanvang van die Child Justice Act in Suid-Afrika gebeur het, is die minimum ouderdom vir toerekeningsvatbaarheid van kinders in Engeland (en Wallis) egter teen die middel- tot laat twintigerjare van 7 tot 10 verhoog.[120]

In teenstelling met Suid-Afrika, het Engeland egter in 1998 ook die *doli incapax*-reël vir kinders tussen 10 en 14 afgeskaf.[121] Dié stap het deel uitgemaak van die Britse regering se veldtog teen jeugmisdaad, waarmee hulle 'n duidelike boodskap aan kinders wou stuur dat hulle vir hul dade verantwoordelik gehou sal word.[122] Die afskaffing van *doli incapax* is verder aangevuur deur die moord op James Bulger,[123] wat in 1993 skokgolwe deur die land gestuur het. Dit, tesame met wydverspreide paniek oor kindermisdaad onder politici, regsgeleerdes en

morele waghonde, het Tony Blair se Arbeiderspartyregering laat besluit om gewoon alle kinders vanaf 10-jarige ouderdom as toerekeningsvatbaar te beskou.[124] Hieroor het die Blair-regering gesê:[125] "Most young people aged 10–13 are plainly capable of differentiating between right and wrong, especially where the issue is one of theft or damage to the property of others."

As versagting het hulle bygevoeg dat die spesifieke aard van kindwees wel in ag geneem sou word gedurende vonnisoplegging, maar dat howe hulle nie genoop moes voel om voor die voet aan te neem dat gewone kinders nie tot die mees basiese morele oordele in staat is nie.[126]

4.2 Kritiek op Engeland se afskaffing van die doli incapax*-reël*

Die afskaffing van *doli incapax* in Engeland het wye reaksie ontlok.

Hoewel sommige ten gunste was van die afskaffing omdat die *doli incapax*-reël dinge gekompliseer het,[127] en wegdoening daarmee met die eerste oogopslag met internasionale verwagtinge gestrook het,[128] het die newe-effekte van die afskaffing gou begin kop uitsteek. Reeds in 1999, die jaar na die afskaffing, het die getal 10- tot 14-jariges wat polisie-waarskuwings ontvang of in 'n hof aan strafbare misdrywe skuldig bevind is, met 29% gestyg vergeleke met die vorige jaar.[129] Dít het op sy beurt tot al hoe meer kinders in aanhouding gelei, en 'n verlenging in gevangenisstraf. Boonop het aanhouding weinig gedoen om misdaad deur kinders te verminder. Kort voor lank was die strafstelsel teenoor jong misdadigers in Engeland (en Wallis) bekend as een van die strengste ter wêreld.[130]

Verskeie oproepe om die herinstelling van *doli incapax* het gevolg. Veral Goldson se sterk pleidooi, asook sy redes daarvoor, bied 'n treffende momentopname van die toedrag van sake in Engeland sedert die afskaffing van dié reël.[131] Goldson voer eerstens aan dat *doli incapax* opnuut ingestel behoort te word ter wille van die handhawing van menseregte.[132] Om kinders van so jonk as 10 aan die volle omvang van die strafregstelsel bloot te stel is volgens hom in stryd met die onderliggende beginsels van die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van die Kind, wat die belange van die kind vooropstel. "Adultifying children aged 10 years is a mutation of justice," voer hy aan.[133] Tweedens word die herinstelling van *doli incapax* volgens Goldson vereis vir konsekwentheid tussen Europese jurisdiksies,[134] met dié dat 10 die allerlaagste ouderdom vir toerekeningsvatbaarheid in die Europese Unie is. Derdens betoog Goldson dat herinstelling verdere maatskaplike skade sal beperk.[135] Vir die 75 136 kinders tussen die ouderdom van 10 en 15 wat in 2010/11 alleen 'n vorige veroordeling vir 'n strafregtelike oortreding bekom het, was die moontlikheid om hul skoolloopbaan te voltooi, te gradueer en werk te kry byvoorbeeld uiters gering. Goldson se laaste rede vir die herinstelling van *doli incapax* is ter wille van die dekriminalisering van maatskaplike nood,[136] gedagtig daaraan dat kinders wat met die gereg bots in die meeste gevalle sorgbehoewend is en in sosio-ekonomies nadelige omstandighede grootword. Hy betwyfel of aanhouding in hierdie kinders se belang is, en bepleit alternatiewe metodes om die probleem die hoof te bied.

In die lig van die beduidende toename in kinders in aanhouding, ondanks navorsing wat op die waarde van niebestraffende reaksies op kindermisdaad dui, wonder baie dus deesdae wat die afskaffing van die *doli incapax* in Engeland nou eintlik bereik het.[137]

4.3 Wetgewing

Die standpunt oor die strafregtelike aanspreeklikheid van kinders in Engeland word hoofsaaklik in die Children and Young Persons Act van 1963[138] en die Crime and Disorder Act van 1998[139] uiteengesit.

Artikel 50 van die Children and Young Persons Act van 1933 (die voorloper van die gelyknamige wet van 1963) het oorspronklik bepaal dat geen kind onder 10-jarige ouderdom aan 'n misdryf skuldig bevind kan word nie.[140] Nadat dit deur artikel 16(1) van die Children and Young Persons Act van 1963 gewysig is, lui dit tans:[141] "It shall be conclusively presumed that no child under the age of ten years can be guilty of any offence."

Ondanks 'n voorstel gedurende die wetswysigingsproses om die minimum ouderdom vir strafregtelike aanspreeklikheid van 10 tot 14 jaar te verhoog, het die Britse parlement uiteindelik daarteen besluit en sodoende hul oorspronklike "geen genade"-beleid ten opsigte van kinderoortreders bevestig.[142]

Soos hier bo bespreek is, is die standpunt ten opsigte van kinderoortreders verder deur die afskaffing van die *doli incapax*-reël ingevolge artikel 34 van die Crime and Disorder Act geraak. Artikel 34 van daardie wet lui:[143] "The rebuttable presumption of criminal law that a child aged 10 or over is incapable of committing an offence is hereby abolished."

Sedertdien word alle 10-jarige en ouer kinders in Engeland wat met die gereg bots, aan die volle mag van die strafreg blootgestel.[144] Sulke kinders wat dalk nie ver genoeg ontwikkel het of oor die nodige volwassenheid beskik om die gevolge van hul misdade te begryp nie, word dus van alle beskerming ontneem.[145] Daar word tans gewoon geen voorsiening vir individuele beoordeling gemaak nie.

4.4 Bewys van toerekeningsvatbaarheid in die praktyk voor die afskaffing van **doli incapax**

Voordat *doli incapax* in Engeland afgeskaf is, het die bewyslas (net soos in Suid-Afrika) op die staat gerus om aan te toon dat die kind bo 10 dog onder 14 ten tye van misdaadpleging toerekeningsvatbaar was. Trouens, die *doli incapax*-reël in Engeland het baie spesifiek vereis dat die staat bewys dat die kinderoortreder geweet het dat die misdryf uiters verkeerd is, en nie net stout of ondeund nie.[146]

Faktore wat die staat dít help bewys het, en wat baie met dié in Suid-Afrika ooreenstem,[147] was die omstandighede van die misdaad, die kind se uitlatings of handelinge voor die misdryf, getuienis uit 'n onderhoud met die kind, 'n psigiatriese ondersoek, getuienis deur iemand wat die kind goed ken (soos 'n onderwyser), die kind se lewensomstandighede, opvoedingsvlak, huislike agtergrond, en bewyse van vorige veroordelings.[148]

Voordat dit afgeskaf is, was *doli incapax* dus lank 'n veiligheidsnet vir kinders in Engeland bo 10 maar onder 14 wat weens verskeie faktore nie as toerekeningsvatbaar beskou kon word nie.[149]

4.5 Die gebruik van die verweer van ontwikkelingsonvolwassenheid ten opsigte van kinders in Engeland

Ná die *doli incapax*-afskaffing in Engeland het die Regskommissie (Law Commission) in 2005 voorgestel dat kinders by die verweer van ontwikkelingsonvolwassenheid ("developmental immaturity") ingesluit word.[150] Hoewel dié verweer aanvanklik uitsluitlik vir volwassenes wat aan abnormale verstandelike ontwikkeling ly, beskikbaar was, is die gebruik daarvan vir kinders aan die hand gedoen juis omdat kinders van alle ander vorme van beskerming ontneem is.

Die Regskommissie was veral bekommerd daaroor dat die land se wetgewing oor manslag nie voldoende vir kinders voorsiening maak nie, en het daarom voorgestel dat ontwikkelingsonvolwassenheid op sigself as 'n grond vir verminderde toerekeningsvatbaarheid by kinders aanvaar moet word.[151] Om vir hierdie gedeeltelike verweer van verminderde toerekeningsvatbaarheid in aanmerking te kom, het die Regskommissie voorgestel dat die kinderoortreder onder 18-jarige ouderdom aan die volgende vereistes moet voldoen:[152]

> That at the time of the killing:
>
> (1) His or her capacity to
>
> a. understand events;
> b. judge whether his or her actions were right or wrong; or
> c. control him or herself
>
> was substantially impaired by an abnormality of mental functioning arising from an underlying condition or developmental immaturity, or both, and
>
> (2) the abnormality of mental functioning or developmental immaturity or a combination of both, was a significant cause of the defendant's conduct in carrying out the killing.
>
> (3) "Underlying condition" means a pre-existing mental or physiological condition.

In teenstelling met Suid-Afrika, waar verminderde toerekeningsvatbaarheid slegs as strafversagtende faktor by vonnisoplegging dien,[153] sou hierdie verweer van verminderde toerekeningsvatbaarheid in Engeland daartoe aanleiding gee dat moord met voorbedagte rade as manslag beskou sou word. Die kinderoortreder sou dus buite die verpligte aanhoudingstermyn val, en die vonnis sou aan die goeddunke van die regter oorgelaat word.[154]

Al is hierdie gedeeltelike verweer uit verskeie oorde ondersteun,[155] het die regering besluit om dit nie in die Coroner's and Justice Act van 2009 in te sluit nie. Die verweer van ontwikkelingsonvolwassenheid maak dus tans geen spesifieke voorsiening vir kinders nie.

Toulson vat die ironie hiervan raak saam:[156]

> The bizarre result is that if a 25 year old killer has the developmental age of a 12 year old, that is something which the jury may take into account because it would be a recognized medical condition; but if a 12 year old killer has the developmental age of a 12 year old, it is apparently not something which the jury can take into account.

In 2013 het die regskommissie in sy voorlegging "Criminal liability: Insanity and automatism" 'n tweede keer voorgestel dat die verweer van ontwikkelingsonvolwassenheid vir kinders voorsiening behoort te maak. Al wag regspraktisyns angstig op 'n uitslag, het daar tot dusver nog niks van gekom nie.[157]

Hierdie voortgesette soeke na beskerming vir kinderoortreders ingevolge 'n ander tipe verweer dui op die behoefte aan hervorming in Engeland. Sodanige hervorming kan plaasvind deur *doli incapax* opnuut in te stel, kinders by die verweer van ontwikkelingsonvolwassenheid in te sluit, of gewoon die minimum ouderdom tot 'n internasionaal meer aanvaarbare ouderdom te verhoog.[158]

Hoe dit ook al sy, die huidige stand van sake vir kinderoortreders in Engeland is allermins wenslik.

5. Gevolgtrekking en voorstelle

Die hantering van kinderoortreders in sowel Suid-Afrika as Engeland is 'n ou probleem, wat al deur die jare groot kopkrap veroorsaak het.

Suid-Afrika en Engeland het reeds die oorspronklike gemeenregtelike standpunt afgeskaf, ingevolge waarvan kinders vanaf 7-jarige ouderdom vir hul misdadige gedrag aanspreeklik gehou kon word indien die staat toerekeningsvatbaarheid bo redelike twyfel kon bewys. Die minimum ouderdom vir strafregtelike aanspreeklikheid is tans 10 in albei jurisdiksies.

In teenstelling met Suid-Afrika, volg Engeland egter met die afskaffing van die *doli incapax*-reël 'n heelwat strenger benadering en laat geen ruimte vir kinders tussen 10 en 14 om in die praktyk as ontoerekeningsvatbaar beskou te word nie. Ofskoon die kompleksiteit van die bewys van toerekeningsvatbaarheid in die praktyk 'n groot las op die strafregstelsel plaas, kan dit nie ten koste van reg en geregtigheid afgeskaf word nie. Die afskaffing van *doli incapax* in Engeland het nie tot 'n verlaging in kindermisdaad gelei nie, en het bloot die getal kinders in aanhouding aansienlik verhoog. Die dringende soeke na 'n ander soort verweer wat vir die "ontwikkelingsonvolwasse" kind in Engeland voorsiening maak, onderstreep die onwenslikheid van die huidige stand van sake.

Daarteenoor lyk dit of Suid-Afrika in die regte rigting mik. Nie net bied die *doli incapax*-reël steeds beskerming aan 10- tot 14-jarige kinders nie, maar ingevolge die Child Justice Amendment Bill van 2018 beoog Suid-Afrika ook om die minimum ouderdom vir strafregtelike aanspreeklikheid van 10 tot 12 te verhoog. Daarmee sal die land nader aan die internasionale norm beweeg. Boonop bevat die Child Justice Amendment Bill voorstelle om die ergste druk op die staat vir die bewys van kinders se toerekeningsvatbaarheid te verlig. Dít sluit in dat toerekeningsvatbaarheid nie vas hoef te staan alvorens 'n kind vir afwending verwys word nie. In wese sal die bewys van toerekeningsvatbaarheid dus net in 'n pleit en verhoor in die kindergeregshof ter sprake kom. Die standpunt dat afwending 'n korrektiewe maatreël is wat slegs ten opsigte van 'n toerekeningsvatbare persoon toegepas kan word, kan egter hier as moontlike struikelblok in die toekoms dien.

Indien dit mettertyd in die praktyk sou blyk dat die voorgestelde verligting in die bewyslas van toerekeningsvatbaarheid onvoldoende is, kan Suid-Afrika – soos Engeland – die afskaffing van

die *doli incapax*-reël oorweeg. Hierdie vergelykende studie bring egter aan die lig dat so 'n afskaffing met groot omsigtigheid hanteer moet word en nie sonder 'n verhoging in die minimum ouderdom vir strafregtelike aanspreeklikheid behoort plaas te vind nie. Die doel van die *doli incapax*-reël is tog om kinders tussen die ouderdom van 10 en 14 'n mate van beskerming te bied wat strook met die beginsel van die beste belang van die kind. Indien hierdie beskerming wegval, sou dit sinvol wees om die minimum aanspreeklikheidsouderdom tot ten minste 14 te verhoog, wanneer dit veilig sal wees om aan te neem dat alle kinders wél toerekeningsvatbaar is.[159]

Bibliografie

Binford, W. 2012. Criminal capacity and the teenage brain: Insights from neurological research. *Article 40*, 14(3):1–6.

Burchell, J. 2016. *Principles of criminal law.* 5de uitgawe. Kaapstad: Juta.

Chetty, V. 2008. Incapacity to determine criminal capacity: Mad or bad? A selected case study. *Acta Criminologica*, 2:129–38 (CRIMSA-konferensie-uitgawe).

Crofts, T. 2015. A brighter tomorrow: Raise the age of criminal responsibility. *Current Issues in Criminal Justice*, 27(1):123–31.

—. 2016. Reforming the age of criminal responsibility. *South African Journal of Psychology*, 46(4):436–48.

—. 2018. Prosecuting child offenders: Factors relevant to rebutting the presumption of doli incapax. *Sydney Law Review*, 40(3):339–65.

Fitz-Gibbon, K. 2016. Protections for children before the law: An empirical analysis of the age of criminal responsibility, the abolition of doli incapax and the merits of a developmental immaturity defence in England and Wales. *Criminology and Criminal Justice*, 16(4):1–19.

Goldson, B. 2013. Unsafe, unjust and harmful to wider society: Grounds for raising the minimum age of criminal responsibility in England and Wales. *Youth Justice*, 13(2):111–30.

Jordaan, L. 2015. General principles and specific offences. Test for criminal capacity – juvenile offenders. *South African Journal of Criminal Justice*, 28(3):373–86.

Karels, M. en L. Pienaar. 2015. Determination of criminal capacity for child offenders – interfacing the procedural requirements of the Child Justice and Criminal Procedure Act. *Obiter*, 36(1):57–78.

Kemp, G., S. Walker, R. Palmer, D. Baqwa, C. Gevers, B. Leslie en A. Steynberg. 2015. *Criminal law in South Africa*. 2de uitgawe. Kaapstad: Oxford University Press.

Kramers-Olen, A.L. 2015. Neuroscience, moral development, criminal capacity, and the Child Justice Act: Justice or injustice? *South African Journal of Psychology*, 45(4):466–79.

McDiarmid, C. 2013. An age of complexity: Children and criminal responsibility in law. *Youth Justice*, 13(2):145–60.

Schoeman, M.I. 2016. Determining the age of criminal capacity. *SA Crime Quarterly,* 57:35–42.

Skelton, A. 2013. Proposals for the review of the minimum age of criminal responsibility. *South African Journal of Criminal Justice,* 26(3):257–75.

Skelton, A. en C. Badenhorst. 2011. *The criminal capacity of children in South Africa. (International developments & considerations for a review).* Kaapstad: The Child Justice Alliance, Universiteit van Wes-Kaapland.

Snyman, C.R. 2012. *Strafreg*. 6de uitgawe. Kaapstad: LexisNexis.

—. 2014. *Criminal law*. 6de uitgawe. Kaapstad: LexisNexis.

Songca, R. 2019. Children seeking justice: Safeguarding the rights of child offenders in South African criminal courts. *De Jure*, 52(1):316–34.

Van Krieken, R. 2013. Doli incapax and its vicissitudes: Childhood and criminal responsibility in England, Germany and Australia. *SSRN Electronic Journal*, Januarie:1–30.

VK-regskommissie (Law Commission). 2005a. *A new homicide act for England and Wales?*. Oorlegplegingsdokument nr. 177. Londen: Law Commission.

—. 2005b. *A new homicide act for England and Wales? An overview. No. 177 (Overview)*. Londen: Law Commission.

Verenigde Nasies-komitee oor die regte van die kind. 2007. *General Comment no 10: Children's rights in juvenile justice*. New York: Verenigde Nasies.

Walker, S. 2011. The requirements for criminal capacity in section 11(1) of the new Child Justice Act, 2008: A step in the wrong direction? *South African Journal of Criminal Justice*, 24(1):33–41.

—. 2015. Determining the criminal capacity of children aged 10 to 14 years: A comment in light of *S v TS* 2015 (1) SACR 489 (WCC). *South African Journal of Criminal Justice*, 28(3):337–46.

Eindnotas

[1] Binford (2012:1).

[2] Van Krieken (2013:1); McDiarmid (2013:147).

[3] Crofts (2016:436).

[4] Toerekeningsvatbaarheid word dikwels ook strafregtelike aanspreeklikheid of strafregtelike verantwoordelikheid ("criminal accountability" of "criminal responsibility") genoem. Sien Chetty (2008:132).

[5] Snyman (2014:29–32). Om iemand in die algemeen in Suid-Afrika aan misdaad skuldig te laat bevind moet die staat voldoening aan verskeie aanspreeklikheidsvereistes bewys, nl. legaliteit, handeling, voldoening aan die spesifieke elemente van die betrokke misdaad, kousaliteit (indien dit 'n gevolgsmisdaad soos moord is), wederregtelikheid, toerekenings-vatbaarheid en skuld. Sien ook Burchell (2016:51); Kemp e.a. (2015:24).

[6] Snyman (2014:156); Kemp e.a. (2015:153). Sien ook Burchell (2016:251), wat hierdie vermoëns die sielkundige bevoegdhede van insig en selfbeheersing noem.

[7] Chetty (2008:132–3).

[8] Die Child Justice Amendment Bill van 2018 is die mees onlangse wysigingsvoorstel – sien bespreking in par. 3.6.

[9] Schoeman (2016:35).

[10] Art. 28 van die Grondwet, 1996.

[11] Fitz-Gibbon (2016:2).

[12] Suid-Afrika se gemenereg bestaan hoofsaaklik uit Romeins-Hollandse reg. Sien Snyman (2014:6).

[13] Crofts (2018:339).

[14] Crofts (2016:438).

[15] Crofts (2018:339; 2016:438–9); Snyman (2012:185).

[16] Die eerste internasionale verdrag wat die nuwe demokratiese Suid-Afrikaanse regering op 16 Junie 1995 bekragtig het. Beskikbaar by https://www.unicef.org/child-rights-convention.

[17] Fitz-Gibbon (2016:4).

[18] Beskikbaar by www.acerwc.africa. Sien ook Skelton (2013:271).

[19] Skelton (2013:258).

[20] Crofts (2016:440; 2015:126); Kramers-Olen (2015:467).

[21] Skelton (2013:258); Schoeman (2016:37); Crofts (2015:127).

[22] Skelton (2013:272). Karels en Pienaar (2015:72) kritiseer ook die feit dat die reg by implikasie 'n straf vir volwassenheid stel, "which places the fair and equal application of law on a slippery slope of potential discrimination".

[23] 75 van 2008.

[24] Skelton (2013:258).

[25] Sien ook Karels en Pienaar (2015:58).

[26] Art. 7 van die Child Justice Act. Sien ook Karels en Pienaar (2015:58); Skelton (2013:257); Kramers-Olen (2015:467); Walker (2011:33).

[27] Skelton (2013:257).

[28] Eie beklemtoning.

[29] (2011:34).

[30] Walker (2011:35).

[31] Walker (2011:35; 2015:337); Jordaan (2015:374).

[32] Walker (2011:36).

[33] Walker (2011:37).

[34] 2002 1 SACR 562 (W) 564F–J.

[35] Eie beklemtoning.

[36] Walker (2011:38; 2015:338).

[37] (2011:38).

[38] Songca (2019:327).

[39] Songca (2019:328).

[40] Walker (2011:40).

[41] Walker (2011:39).

[42] Skelton (2013:260).

[43] Skelton (2013:260).

[44] Snyman (2014:175); Kemp e.a. (2015:182).

[45] 2015 1 SACR 489 (WK) 498.

[46] Karels en Pienaar (2015:59).

[47] Skelton (2013:262); Schoeman (2016:37).

[48] Karels en Pienaar (2015:62).

[49] Skelton (2013:262).

[50] (2016:39).

[51] Art. 10 van die Child Justice Act. Sien ook Skelton (2013:262–3).

[52] Karels en Pienaar (2015:67).

[53] Art. 1 van die Child Justice Act omskryf afwending as "diversion of a matter involving a child away from the formal court procedures in a criminal matter by means of the procedures established by Chapter 6 and Chapter 8".

[54] Bylae 1 bied 'n uiteensetting van betreklik geringe oortredings (soos diefstal van klein bedrae geld; gewone aanranding). Sien Skelton (2013:263).

[55] Karels en Pienaar (2015:69–70).

[56] Skelton (2013:263).

[57] (2015:70).

[58] Skelton (2013:268).

[59] (2011:26).

[60] Karels en Pienaar (2015:63). "This is either a medical practitioner registered as such in terms of the Health Professions Act 56 of 1974 against whose name the speciality of psychiatry is registered, or a clinical psychologist registered in terms of the Health Professions Act 56 of 1974." Sien ook Skelton (2013:264 vn. 27).

[61] Sien Skelton (2013:263); Schoeman (2016:37).

[62] Karels en Pienaar (2015:63); Skelton (2013:263).

[63] Art. 2.

[64] Karels en Pienaar (2015:63).

[65] *Ibid*.

[66] Sien ook Karels en Pienaar (2015:64).

[67] Karels en Pienaar (2015:65).

[68] Skelton (2013:264).

[69] Skelton (2013:263).

[70] Skelton (2013:264).

[71] Karels en Pienaar (2015:63).

[72] *Ibid*.

[73] Skelton (2013:265).

[74] Skelton (2013:266).

[75] (2016:39).

[76] (2015:476).

[77] Crofts (2016:444).

[78] Skelton (2013:266).

[79] Schoeman (2016:39).

[80] Sien par. 3.3.3.

[81] Skelton (2013:269).

[82] Schoeman (2016:39).

[83] (2016:40).

[84] *Staatskoerant* nr. 39751, Februarie 2016.

[85] Schoeman (2016:40).

[86] Karels en Pienaar (2015:72).

[87] (2013:266).

[88] Skelton (2013:266); Schoeman (2016:36).

[89] Skelton (2013:266).

[90] *Ibid.*

[91] Sien par. 2.2.

[92] *Ibid*.

[93] Crofts (2015:127).

[94] Snyman (2014:32).

[95] Crofts (2015:127).

[96] Crofts (2015:128).

[97] Grondwet 1996, art. 28(2).

[98] 2015 1 SACR 489 (WK).

[99] 2015 1 SACR 489 (WK) 489.

[100] Walker (2015:338–9).

[101] Walker (2015:341).

[102] *Ibid*.

[103] Jordaan (2015:373).

[104] 2015 1 SACR 489 (WK) 490.

[105] 493.

[106] *Ibid*.

[107] *Ibid*.

[108] 494. Sien ook Walker (2015:339).

[109] Snyman (2014:175).

[110] 2015 1 SACR 489 (WK) 504.

[111] Walker (2015:338,342); Jordaan (2015:374).

[112] 2015 1 SACR 489 (WK) 505.

[113] 2015 1 SACR 489 (WK) 507; Jordaan (2015:375).

[114] Walker (2015:344); Jordaan (2015:375).

[115] Sien par. 3.4.

[116] Sien par. 2.10.2 van die memorandum oor die oogmerke van die wysigingswetsontwerp.

[117] Sien vn. 53 hier bo.

[118] Art. 17 van die Child Justice Amendment Bill van 2018.

[119] Artt. 13–14.

[120] Crofts (2018:339).

[121] Die *doli incapax*-reël is formeel ingevolge art. 34 van die Crime and Disorder Act van 1998 afgeskaf. Sien ook Crofts (2018:340).

[122] Fitz-Gibbon (2016:2).

[123] *Re Robert Thompson and Jon Venables* [2001] 1 Cr.App.R.25 parr. 3 en 4. James Bulger is op 12 Februarie 1993 vermoor, toe albei beskuldigdes nog 10 jaar oud was. Die feite van die saak was buitengewoon wreedaardig, en die verhoorregter het dit soos volg saamgevat: "The killing of James Bulger was an act of unparalleled evil and barbarity. This child of 2 was taken from his mother on a journey of over two miles and then was battered to death without mercy and then his body was placed across the railway line so that his body would be run over by a train in an attempt to conceal his murder. In my judgment your conduct was cunning and very wicked." Sien verder *Re Robert Thompson and Jon Venables* [2001] 1 Cr.App.R.25 par. H5. Jon Venables en Robert Thompson is op 24 November 1993 aan moord skuldig bevind nadat die deskundige getuie hulle as toerekeningsvatbaar bestempel het.

[124] Van Krieken (2013:4); Goldson (2013:113).

[125] Van Krieken (2013:19).

[126] *Ibid*.; Fitz-Gibbon (2016:9).

[127] Fitz-Gibbon (2016:11).

[128] Sien par. 2.2.

[129] Goldson (2013:114).

[130] Fitz-Gibbon (2016:2).

[131] Goldson (2013:117–23).

[132] (2013:117).

[133] (2013:126).

[134] (2013:118).

[135] (2013:121).

[136] (2013:122).

[137] Fitz-Gibbon (2016:12).

[138] Children and Young Persons Act van 1963.

[139] Crime and Disorder Act van 1998.

[140] Fitz-Gibbon (2016:4); Goldson (2013:113).

[141] Sien ook McDiarmid (2013:145).

[142] Fitz-Gibbon (2016:4).

[143] Sien ook Van Krieken (2013:4).

[144] Fitz-Gibbon (2016:9).

[145] Fitz-Gibbon (2016:17).

[146] Fitz-Gibbon (2016:9); Van Krieken (2013:3).

[147] Skelton (2013:262–3).

[148] Fitz-Gibbon (2016:9).

[149] *Ibid*.

[150] Fitz-Gibbon (2016:12).

[151] VK-regskommissie (2005a:163); Fitz-Gibbon (2016:12).

[152] VK-regskommissie (2005b:44); Fitz-Gibbon (2016:12).

[153] Art. 78(7) van die Strafproseswet 51 van 1977.

[154] Fitz-Gibbon (2016:13).

[155] *Ibid*.

[156] *Ibid*.

[157] Fitz-Gibbon (2016:16).

[158] McDiarmid (2013:146) is ook van mening dat die minimum ouderdom vir toerekeningsvatbaarheid by kinders in Engeland verhoog moet word.

[159] Crofts (2015:128).